

Les 33

Johannes 15: 1 - 27

1. Inleiding

Ons fokus vandag weer op een van die “Ek is” stellings. In die Ou Testament is die simbool van die wingerd baie gebruik. Die wingerd was altyd die simbool van Israel. Maar in die Nuwe Testament is was die beeld gewoonlik negatief. Tog wanneer Jesus hierdie beeld gebruik is die positief en volmaak. dit is gewortel in die Vader

2. Die snoei proses

Wanneer 'n plant gesnoei word, word dele afgesny. En alhoewel plante natuurlik nie pyn soos mense ervaar nie, is daar iets van seer in hierdie beeld. Tog weet ons dat die regte snoei proses die vrugte meer maak met die tyd. Duidelik het hierdie deel van die gelykenis dan ook 'n betekenis in terme van geloofsgroei in moeilike tye.

3. Bly in my

In hierdie Skrifgedeelte word die teologiese leerstelling oor die volharding van die ware heilige talle kere beklemtoon. Ware verlossing is 'n aanvanklike sowel as 'n deurlopende reaksie. Hierdie teologiese waarheid word dikwels geïgnoreer in ons entoesiasme vir persoonlike versekering van verlossing. Bybelse versekering hou verband met volharding in die geloof; 'n lewenstyl van berou; voortdurende gehoorsaamheid; en vrugte dra.

4. Om die geboorte te hou

Jesus beskryf die band tussen Hom en Sy Vader in twee dinge, wat eintlik dieselfde is op die einde. Liefde en gehoorsaamheid aan die geboorte. En dan wil Jesus ook hê dat die dissipels en uiteindelik ook ons hierdie band met Hom het. Ons moet in volmaakte liefde met Hom leef en ook die geboorte volmaak onderhou. Dit is ook uiteindelik in hierdie volmaakte band waar ware geluk te vinde is.

5. Uitgekies

Veral in 'n wêreld wat meestal 'n wederdoper tipe geloof uitleef, hoor 'n mens gereeld die vraag waar lees jy van uitverkiesing in die Bybel. Vandag in ons gedeelte is vers 16 nog 'n vers wat duidelik die woorde uitverkies bevat. Ons het nie die Here gekies nie. Hy het ons gekies. Net genade alleen. Daarom ruim 'n ander siening van verlossing net nie met hierdie vers nie.

6. Vreemdelingskap met die wêreld

Wanneer ons die liefde en geboorte van Christus ten volle uitleef, kan ons teenstand verwag. Partykeer staan ons verstom oor die wêreld se optrede teenoor die Kerk en die Here. Tog openbaar Christus dit al duidelik in ons teksgedeelte vandag. Ons kan nie verwag dat die wêreld ons veel beter as vir Christus self hanteer nie. Die wêreld ken nie die Vader wat Christus gestuur het nie. Die probleem lê in die feit dat die wêreld nie iemand anders as hulself op die troon wil hê nie. Daar is nie plek in hulle verstaan vir 'n Opperwese wat alles geskep en steeds in Sy hand vashou nie.

7. Die werk van die Voorspraak

Vandag se teksgedeelte sluit weer af met 'n belofte oor die Heilige Gees. En dan word die rol van van die Heilige Gees ook weer duidelik gemaak. Die Gees van waarheid getuig oor die waarheid.

Die belangrikste waarheid wat daar is, die verlossende werk van ons Here Jesus Christus. Deur die kragtige werking van die Heilige Gees word gewone mense ook getuies van die waarheid. Vers 27, beklemtoon dat die Apostels onder leiding van die Heilige Gees vir ons die nuwe Testament sal opteken. Maar ook vandag nog werk die Gees in mense om die Woord van die Here te bedien aan ander mense. Mense wat natuurlik deur die aanhoor van die Woord, ook deur die Gees oortuig word van die waarheid daarvan.

8. Teks met Teks vergelyking

1. Psalm 80:7 - 8; 14 - 17
2. Jesaja 5: 1 - 7
3. Mattues 28:20
4. Lukas 24:48
5. Galasiërs 6:9
6. Openbaring 2:7

9. Vrae

1. Wat verstaan u onder die beeld van die wingerdstok en die loot?
2. Hoe sien u die lewenswyse van 'n nuwe Testamentiese gelowige?
3. Kan ek vandag sekerheid hê oor my of iemand anders se uitverkiesing?
4. Wat moet die verhouding tussen die kerk en die wêreld en/of regering wees?
5. Wat is die rol van die Heilige Gees in evangelisasie?

10. Bronne

Uteley, R. J. (1999). [*The Beloved Disciple's Memoirs and Letters: The Gospel of John, I, II, and III John*](#) (Vol. Volume 4, p. 186). Marshall, Texas: Bible Lessons International.

1.